# Redaksioneel

Op 7 Maart 1989 het die eerste van 'n beplande reeks van vyf simposia by die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria plaasgevind wat ten doel het om die verhouding tussen die Bybelwetenskap en Sistematiese Teologie te bevorder. Hierdie gesprek vind plaas onder leiding van prof Andries van Aarde (Universiteit van Pretoria) en prof Wentzel van Huyssteen (Universiteit van Port Elizabeth). Die ander deelnemers van die eerste simposium was proff Bart Oberholzer, Andrie du Toit, Willem Vorster, Bernard Lategan, Conrad Wethmar, Dirkie Smit, Johan Koekemoer en Gert Pelser. Die inleidende voordragte is deur onderskeidelik Wentzel van Huyssteen en Conrad Wethmar gelewer. Prof Van Huyssteen se verwerkte bydrae word in die onderhawige Nommer van die *Hervormde Teologiese Studies* opgeneem. Dit neem die narratiewe teologie onder behandeling. In sy bydrae verwys Van Huyssteen na die werk van prof Gary Comstock, vroeër van die Iowa Universiteit in die Verenigde State van Amerika, op die gebied van die narratiewe teologie. Een van Comstock se bydraes in hierdie verband is ook in hierdie Aflewering opgeneem. Narratiewe teologie as 'n sistematies-teologiese onderneming moet gesien word as deel van die post-moderne benadering in die geesteswetenskappe. Op die gebied van die teologie is dit tipies van die post-modernisme om skepties te wees rakende die belangrike plek wat aan die rede en aan rasionaliteit in die teologie gegee word. Teenoor sogenaamde ontwyfelbare waarheidsaansprake, teenoor die geloofsvertroue in die wetenskap en in 'n metafisiese wyse van teologiese beredenering, meen die post-modernistiese idioom dat perspektiewe op die waarheid relasies met mekaar kan vertoon. Etiese pluralisme en kulturele relativisme is daarom ook tipies van hierdie benadering. Van Huyssteen vra of narratiewe teologie 'n adekwate paradigma vir teologiese refleksie is. Narratologie as sodanig moet as eksegetiese benadering egter deeglik van narratiewe teologie onderskei word. Narratologie as literatuurteorie bestudeer die vertelkunde. Ds Ernest van Eck se narratologiese analise van Markus 12: 1-12 is op sigself baanbrekerswerk. Hierdie artikel is een van die eerste twee MDiv-skripsies wat aan die Fakulteit Teologie (Afd A) by die Universiteit van Pretoria aanvaar is. Die ander een is dié van ds Johan Strijdom wat DV in die volgende Nommer van die *Hervormde Teologiese Studies* gepubliseer gaan word. Prof Detlef Dormeyer van Münster in Duitsland wat Suid-Afrika in 1988 besoek het en onder andere by die Universiteit van Pretoria opgetree het, het ook 'n bydrae vir die *Hervormde Teologiese Studies* gelewer en wel oor die Bybelse etos in verband met arbeid, arbeidsywer en arbeidsvermyding. Die redaksie betyuig aan hom en aan al die ander medewerkers wie se artikels vir die onderhawige Nommer gekeur is, gelukwensing en waardering. Ons verwys veral na die bydrae van die nie-teoloog, prof TT Cloete. Sy artikel oor die Bybel in die Afrikaanse digkuns kan dien as 'n belangrike verwysingsbron vir studente en skoliere wat Afrikaans as vak bestudeer.